# North West
# Noordwes

# EXTRAORDINARY PROVINCIAL GAZETTE

# BUITENGEWONE PROVINSIALE KOERANT

Vol. 254 12 SEPTEMBER 2011 No. 6928

**IMPORTANT NOTICE**

**The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.**

**Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.**

## CONTENTS


| *No.* | | *Page No.* | *Gazette No.* |
|---|---|---|---|
| | **LOCAL AUTHORITY NOTICES** | | |
| 159 | Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Rustenburg Local Municipality: Declaration as an approved township: Boitekong Extension 24 .......... | 3 | 6928 |
| 160 | do.: do.: Rustenburg Amendment Scheme 738 .......... | 8 | 6928 |


## INHOUD


| *No.* | | *Bladsy No.* | *Koerant No.* |
|---|---|---|---|
| | **PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWINGS** | | |
| 159 | Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe (15/1986): Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit: Verklaring tot goedgekeurde dorp: Boitekong-uitbreiding 24 | 5 | 6928 |
| 160 | do.: do.: Rustenburg-wysigingskema 738 | 8 | 6928 |

# LOCAL AUTHORITY NOTICES

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 159

**RUSTENBURG LOCAL MUNICIPALITY**
**DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP**

In terms of Section 103 (1) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 Of 1986), the Rustenburg Local Municipality hereby declares **Boitekong Extension 24** to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

**CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION FOR TOWNSHIP ESTABLISHMENT IN TERMS OF THE STIPULATIONS OF CHAPTER III OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986) ON PORTION 176 (A PORTION OF PORTION 50) OF THE FARM PAARDEKRAAL NO 279, REGISTRATION DIVISION JQ, BY BOITEKONG MALL (PTY) LTD (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE TOWNSHIP APPLICANT) AND BEING THE REGISTERED OWNER OF THE LAND, HAS BEEN APPROVED.**

**1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT**

**(1) NAME**

The name of the township shall be **Boitekong Extension 24**.

**(2) LAYOUT / DESIGN**

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan SG No. 4352/2008.

**(3) ACCESS**

No ingress from Provincial Road P16-2 to the township and no egress to Provincial Road P16-2 from the township shall be allowed.

**(4) ACCEPTANCE AND DISPOSAL OF STORMWATER**

The township applicant shall arrange for the drainage of the township to fit in with that of Provincial Road P16-2 and for all stormwater running off or being diverted from the road to be received and disposed of.

**(5) REMOVAL, REPOSITIONING, MODIFICATION OR REPLACEMENT OF EXISTING POST OFFICE / TELKOM PLANT**

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove, reposition, modify or replace any existing Post Office / Telkom plant, the cost thereof shall be borne by the township applicant.

**(6) PROVISION AND ERECTION OF ROAD SIGNS, MARKINGS, STREET NAMEPLATES AND INFORMATION SIGNS**

The township applicant shall at its own expense arrange for the provision of road signs, markings, street nameplates and information signs to the satisfaction of the Rustenburg Local Municipality.

**(7) ENVIRONMENTAL MANAGEMENT**

The township applicant must ensure that all conditions imposed by the Department of Agriculture, Conservation and Environment in terms of the Record-of-Decision (ROD) issued by the said Department on 12 July 2005 by virtue of EIA56/2004NW are adhered to.

**2. CONDITIONS TO BE COMPLIED WITH BEFORE THE ERVEN IN THE TOWNSHIP BECOME REGISTRABLE**

**(1) INSTALLATION AND PROVISION OF SERVICES**

(a) The township applicant shall install and provide internal engineering services in the township, as provided for in the services agreement.

(b) The township applicant shall install and provide external engineering services to the township, as provided for in the services agreement.

**3. CONDITIONS TO BE COMPLIED WITH PRIOR TO ANY FORMAL BUILDING STRUCTURES BEING ERECTED**

**(1) APPROVAL OF / EXEMPTION FROM RISK ASSESSMENT**

The township applicant shall make the necessary arrangements to ensure that the Department of Minerals and Energy has approved the Risk Assessment or granted exemption from the required Risk Assessment.

**4. CONDITIONS OF TITLE**

**(1) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE**

All erven shall be subject to existing conditions and servitudes, if any, but excluding:

(a) The following condition / servitude which do not affect the township area because of the location thereof:

"2. Die voormelde Gedeelte 2 een gedeelte waarvan hiermee getransporteer word is onderhewig ten gunste van die eienaar van die Resterend Gedeelte van genoemde Gedeelte "J" van die plaas voormeld, groot as sulks 43,4171 Hektaar, aan 'n pad 5,67 meter breed vanaf die Rustenburg-Northam pad, aangetoon op kaart S.G. No. A 3506/36 geheg aan Akte van Verdelingstransport Nr. 18096/1946 gedateer 19 Junie 1946, al langs die Noord-Westelik grens van gemeld gedeelte 2 oor Gedeelte 2 tot by genoemde Resterend Gedeelte. Die eienaar van genoemde Resterend gedeelte sal gemelde pad in orde hou".

(b) The following condition which shall not be transferred to the erven in the township:

"1. Gedeelte "J" (die Resterende Gedeelte waarvan mits dezen getransporteerd wordt) tezamen met al de andere gedeelten van gezegde plaats Paardekraal Nr. 279, Registrasie Afdeling J.Q. Transvaal, zinde gerechtigd op alle thans bestaande wegen en paden op gezegde plaats de hoofd-wegen waarvan zoals aangewezen op de schetskaart gefijld bij Verdelingstransport Nr. 7690/1915 en onderworpen aan het servituut van gezegde wegen en paden ten faveure van de voornoemde andere gedeelten van gezegde plaats".

**(2) CONDITION IMPOSED BY THE DEPARTMENT OF MINERALS AND ENERGY**

All erven shall be subject to the following condition:

"As this erf forms part of land which is or may be undermined liable to subsidence, settlement, shock and cracking due to mining operations past, present or future, the owner thereof accepts all liability for any damage thereto and to any structure thereon which may result from such subsidence, settlement, shock or cracking."

**(3) CONDITIONS IMPOSED IN TERMS OF THE CONDITIONS OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE (ORDINANCE 15 OF 1986)**

**(a) ALL ERVEN**

(i) The erf is subject to a servitude, 2 metres wide along any two boundaries in favour of the local authority for sewerage and other municipal purposes and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 metres wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may relax or grant exemption from the required servitudes.

(ii) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 metres thereof.

(iii) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion, may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose, subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 159

**RUSTENBURG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT**
**VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge Artikel 103 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Plaaslike Munisipaliteit van Rustenburg hierby die dorp **Boitekong Uitbreiding 24** tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes in die bygaande Bylae.

**BYLAE**

**VOORWAARDES WAARONDER DIE AANSOEK OM DORPSTIGTING INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUK III VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), OP GEDEELTE 176 (A PORTION OF PORTION 50) VAN DIE PLAAS PAARDEKRAAL NO 279, REGISTRASIE AFDELING JQ, DEUR BOITEKONG MALL (EDMS) BPK (HIERNA DIE DORPSTIGTER GENOEM) EN SYNDE DIE GEREGISTREERDE EIENAAR VAN DIE GROND, GOEDGEKEUR IS.**

**1. STIGTINGSVOORWAARDES**

**(1) NAAM**

Die naam van die dorp sal wees **Boitekong Uitbreiding 24**.

**(2) UITLEG / ONTWERP**

Die dorp sal bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan No. 4352/2008.

**(3) TOEGANG**

Geen toegang vanaf Provinsiale Pad P16-2 tot die dorp en geen uitgang tot Provinsiale Pad P16-2 vanaf die dorp sal toegelaat word nie.

(4) **ONTVANGS EN WEGDOEN VAN STORMWATER**

Die dorpstigter moet die stormwaterdreinering van die dorp so reel dat dit inpas by dié van Provinsiale Pad P16-2 en moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en versorg.

(5) **VERWYDERING, VERPLASING, MODIFISERING OF DIE VERVANGING VAN BESTAANDE POSKANTOOR- / TELKOM UITRUSTING**

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande Poskantoor- / Telkom uitrusting te verwyder, te verplaas, te modifiseer of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpstigter gedra word.

(6) **VOORSIENING EN OPRIGTING VAN PADTEKENS, PADMERKE, STRAATNAAMBORDE EN INLIGTINGSKENNISGEWINGS**

Die dorpstigter moet op eie koste toesien tot die voorsiening en oprigting van padtekens, padmerke, straatnaamborde en inligtingskennisgewings tot bevrediging van die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit.

(7) **OMGEWINGSBESTUUR**

Die dorpstigter moet toesien dat alle voorwaardes soos opgelê deur die Departement van Landbou, Bewaring en Omgewingsake ingevolge die "Record-of-Decision" uitgereik deur die voorgenoemde Departement op 12 Julie 2005 kragtens EIA56/2004NW nagekom word.

2. **VOORWAARDES WAARAAN VOLDOEN MOET WORD VOOR DIE ERWE IN DIE DORP REGISTREERBAAR WORD**

(1) **INSTALLASIE EN VOORSIENING VAN DIENSTE**

(a) Die dorpstigter moet alle interne ingenieursdienste in die dorp installer en voorsien ooreenkomstig die diensteooreenkoms.

(b) Die dorpstigter moet alle eksterne ingenieursdienste vir die dorp installer en voorsien ooreenkomstig die diensteooreenkoms.

3. **VOORWAARDES WAARAAN VOLDOEN MOET WORD VOOR DIE OPRIGTING VAN ENIGE FORMELE BOUSTRUKTURE**

(1) **GOEDKEURING / VRYSTELLING VAN RISIKOBEPALING**

Die dorpstigter moet die nodige reelings tref om te verseker dat die Departement van Minerale en Energie die Risikobepaling goedgekeur het of vrystelling van die vereiste Risikobepaling toegestaan het.

4. **TITELVOORWAARDES**

(1) **BESKIKKING VAN BESTAANDE TITELVOORWAARDES**

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande titelvoorwaardes en serwitute, indien enige, uitsluitende die volgende:

(c) Die volgende voorwaarde / serwituut wat nie die dorpsgebied affekteer nie weens die ligging daarvan:

"2. Die voormelde Gedeelte 2 een gedeelte waarvan hiermee getransporteer word is onderhewig ten gunste van die eienaar van die Resterend Gedeelte van genoemde Gedeelte "J" van die plaas voormeld, groot as sulks 43,4171 Hektaar, aan 'n pad 5,67 meter breed vanaf die Rustenburg-Northam pad, aangetoon op kaart S.G. No. A 3506/36 geheg aan Akte van

Verdelingstransport Nr. 18096/1946 gedateer 19 Junie 1946, al langs die Noord-Westelik grens van gemeld gedeelte 2 oor Gedeelte 2 tot by genoemde Resterend Gedeelte. Die eienaar van genoemde Resterend gedeelte sal gemelde pad in orde hou".

(d) Die volgende voorwaarde wat nie aan die erwe in die dorp oorgedra word nie:

"1. Gedeelte "J" (die Resterende Gedeelte waarvan mits dezen getransporteerd wordt) tezamen met al de andere gedeelten van gezegde plaats Paardekraal Nr. 279, Registrasie Afdeling J.Q. Transvaal, zinde gerechtigd op alle thans bestaande wegen en paden op gezegde plaats de hoofd-wegen waarvan zoals aangewezen op de schetskaart gefijld bij Verdelingstransport Nr. 7690/1915 en onderworpen aan het servituut van gezegde wegen en paden ten faveure van de voornoemde andere gedeelten van gezegde plaats".

**(2) VOORWAARDE OPGELê DEUR DIE DEPARTMENT VAN MINERALE EN ENERGIE**

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan die volgende voorwaarde:

"Aangesien hierdie erf deel vorm van die grond wat ondermyn mag word en onderhewig mag wees aan versakking, vassakking, skok en krake as gevolg van mynbedrywighede in die verlede, die hede en die toekoms aanvaar die eienaar daarvan alle verantwoordelikheid vir enige skade aan die grond of geboue daarop as gevolg van sodanige versakking, vassakking, skok of krake."

**(3) VOORWAARDES OPGELê INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)**

**(a) ALLE ERWE**

(i) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2m wyd langs enige twee grense ten gunste van die plaaslike owerheid vir riool en ander munisipale doeleindes en, in die geval van 'n pypsteel erf, 'n addisionele serwituut van 2 meter wyd, vir munisipale doeleindes, oor die toegangsdeel van die erf, indien en wanneer deur die plaaslike owerheid benodig: Met dien verstande dat die plaaslike owerheid hierdie vereiste serwituut mag verslap of vrystelling daarvan verleen.

(ii) Geen geboue of ander strukture mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2m daarvan geplant word nie.

(iii) Die plaaslike owerheid is daarop geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy na goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike owerheid geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike owerheid enige skade sal vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke veroorsaak word.

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 160

**RUSTENBURG LAND USE MANAGEMENT SCHEME, 2005**
**AMENDMENT SCHEME 738**

The Rustenburg Local Municipality hereby in terms of the provisions of section 125 (1) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 Of 1986), declares that it has approved an amendment scheme being an amendment of the Rustenburg Land Use Management Scheme, 2005, comprising the same land as included in the township **Boitekong Extension 24**.

The amendment scheme is filed with the Director Planning and Human Settlement of the Rustenburg Local Municipality and is open for inspection during normal office hours.

This amendment is known as **Rustenburg Amendment Scheme 738** and shall come into operation on the date of publication of this notice.

**MUNICIPAL MANAGER**
Rustenburg Local Municipality
Missionary Mpheni House, Cnr. Nelson Mandela and Beyers Naude Drive, P.O. Box 16, Rustenburg, 0300

---

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 160

**RUSTENBURG GRONDGEBRUIKBESTUURSSKEMA, 2005**
**WYSIGINGSKEMA 738**

Die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 125 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 25 van 1986), dat dit 'n wysigingskema synde 'n wysiging van die Rustenburg Grondgebruikbestuursskema, 2005, wat uit dieselfde grond as die dorp **Boitekong Uitbreiding 24** bestaan, aanvaar het.

Die wysigingskema is beskikbaar op alle redelike tye by die kantore van die Direkteur Beplanning en Menslike Vestiging van die rustenburg Plaalike Munisipaliteit.

Hierdie wysiging staan bekend as **Rustenburg Wysigingskema 738**.

Munisipale Bestuurder
Missionary Mpheni House, h/v Nelson Mandela en Beyers Nauderylaan, Posbus 16, Rustenburg, 0300